



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## ***HOOFSTUK 2***

*The essence of knowledge is, in having it, to apply it.*

*Confucius*


## HOOFSTUK 2

### ***DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING***

#### ***2.1 INLEIDING***

Die doel van hierdie navorsing is die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir egskedingsevaluering waardeur die maatskaplike vraagstuk van egskedingsdispute aangaande die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind effektief in belang van die kind aangespreek kan word. Die huidige fokus van aandag by die gesin-in-egskeding beklemtoon die individualiteit van lede van die gesin. Die navorser wil met hierdie studie 'n paradigmaskuif teweegbring by alle belanghebbendes betrokke by hierdie vraagstuk deur die unieke funksionering van elke besondere gesinsisteam as totaliteit en die interaksie tussen die afsonderlike lede uit te lig.

Elke gesinsisteam is saamgestel uit unieke lede wat 'n unieke karakter aan die bepaalde gesin verleen. Die wisselwerking tussen die lede van 'n gesin is ei-soortig aan dié bepaalde kombinasie mense en kan nie in 'n ander kombinasie herhaal word nie. Dit beteken dat indien die individuele lede van 'n gesin deel sou word van ander gesinne, die voorkoms en optrede van sodanige gesinne 'n heeltemal andersoortige karakter sal vertoon. Hierdie aspek kan visueel soos volg in Figuur 1 voorgestel word ten einde dié gedagte te demonstreer:



***Figuur 1: Voorstelling van die unieke samestelling van elke gesin***

In hierdie konteks is dit voorts belangrik om die langdurige verbintenis van 'n gesinsisteam in ag te neem, selfs nadat die gesin weens egskeding verbrokkel het. Herbert (1997: 3) lig die langdurende karakter van die gesin as maatskaplike struktuur uit en bevestig die holistiese eienskap daarvan deur soos volg te



konstateer: "... the family is a social structure which continues to exist long after it has legally been dissolved, and people who attempt to deal with the family as solitary individuals independent of each other, do the child no service." Hierdie stelling impliseer dus dat die gesinslede mekaar voortdurend beïnvloed, selfs al woon die gesin nie meer as 'n eenheid saam nie. Die praktyk bevestig hierdie stelling waar gesinne ná egskeiding noodgedwonge voortdurend oor 'n lang tydperk oor aspekte soos onderhoudsreëlins, toegangsreëlins en besluite oor die kinders se toekoms met mekaar moet skakel. Die bewuswording van die gesin as 'n unieke eenheid, saamgestel uit individuele lede wat voortdurend in wisselwerking met mekaar is, is noodsaaklik ten einde gesinsfunksionering vanuit 'n perspektief van totaliteit te benader.

Die teoretiese fundering wat as vertrekpunt vir sodanige beskouing dien, is essensieel en behoort universeel asook interdisciplinêr aanvaarbaar te wees. Die doel van 'n teorie is om enersyds verskynsels te verklaar deur die verwantskap tussen die konsepte van sodanige fenomeen uit te klaar, en andersyds om die toekomstige gedrag van die eienskappe te voorspel (Bless & Higson-Smith, 1995: 11; Potgieter, 1998: 52; Neuman, 2000: 39; Thomas, 2000: 12; De Vos, 2002: 46). Die algemene sisteemteorie wat op die holistiese benadering gebaseer is, is as sodanig geskik om die verwantskap tussen die lede van 'n gesin-in-egskeiding as geheel te verduidelik en 'n riglyn vir die samestelling van die nuwe gesinsisteme ná egskeiding te bied. Die algemene sisteemteorie is derhalwe as teoretiese grondslag vir hierdie ondersoek na gesinsassessering in egskeidingsevaluering geselekteer.

Motivering vir die keuse van die algemene sisteemteorie as fundering vir die studie en waarvan die inhoud diepgaande in hierdie hoofstuk bespreek word, is te vind in:

- die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie ten einde die georganiseerde kompleksiteit van die wetenskap in eenheid te orden;
- die bepaalde denkwysse wat fokus op holisme en die interverwantskap van die dele van 'n sisteem;
- die resente karakter van die teorie;
- die invloed daarvan in gesinsterapie in die besonder;
- die benutting daarvan, spesifiek in die maatskaplikewerkprofessie; en
- die erkenning en aanvaarding daarvan deur die gedragswetenskappe in die algemeen (Rapoort, 1974: xxii; Carter & McGoldrick, 1989: 4-10; Kaplan & Sadock, 1994: 844-847; Hanson, 1995: vii-3; Moore, 1997: 557-559; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 19-21; Minuchin & Fishman, 1999: 12-13; Becvar & Becvar, 2000: 1-2; Battino, 2001: 426; Allers, 2002: 720).



Die waarneming deur natuurwetenskaplikes in verskeie velde, naamlik dat die gedrag van die dele van 'n geheel verskil wanneer dit afsonderlik waargeneem word teenoor wanneer dit in dinamiese interaksie met mekaar bestudeer word, is reeds gedurende die 1940's en 1950's beskryf (Von Bertalanffy, 1967: 115-116; Von Bertalanffy, 1973: xvii, xix; Ackoff in Von Bertalanffy, 1974:11; Von Bertalanffy, 1974: 11-13). Terselfdertyd het gedragswetenskaplikes alternatiewe benaderingswyses tot menslike probleemgedrag gesoek, aangesien die reduksionistiese analitiese verklarings waarvolgens 'n individu se optrede in isolasie van die gesin of groep beskou is, onbevredigend was (Becvar & Becvar, 1996: 1; Moore, 1997: 556; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 19-20). Langton (in Page, 1996: 19) stel hierdie aspek soos volg: "Linear, reductionist science is great ... essential – but it only takes you so far. All you get is the sum of the parts. But most of the world ... is non-linear."

Die betekenis van die algemene sisteemteorie vir die gesinsterapiebeweging word soos volg deur Skynner (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 20) gestel:

The widening of our perspective from its earlier focus on the individual to an awareness of family and community systems has shown us clear reasons for the extraordinary difficulty everyone has found in changing individuals separately from their family systems ...

Die sistemiese verband van 'n siek kind en die noodsaaklikheid van erkenning van die gesinsverband as 'n geheel in die behandeling van die kind as pasiënt word ook deur Allers (2002: 720) beklemtoon. Die algemene sisteemteorie se erkenning van die dinamiese karakter van die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing sluit direk aan by die kern van maatskaplike werk en dié teorie bied derhalwe 'n stewige basis vir die beoefening van hierdie professie (Compton & Galaway, 1998: 123; Potgieter, 1998: 54, 114; Ashford, LeCroy & Lortie, 2001: 105).

Die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie gedurende die afgelope 50 tot 60 jaar word deur erkenning en aanvaarding in verskeie velde van die wetenskap gekenmerk. Daar is reeds sprake van meer as 30 teoretiese konsepte binne die konteks van die sisteemteorie en volgens Hanson (1995: 1-2) is dié teorie bruikbaar in elke konvensioneel gedefinieerde dissipline wat die ekonomie, ingenieurswese, biologie en rekenaarwetenskap asook die sosiologie, gesinsterapie, psigologie en medisyne insluit (Potgieter, 1998: 114; Allers, 2002: 720). Hierdie multidissiplinêre toepassing word deur Hanson (1995: 2) beskryf as "... to think of the approach as 'pan-disciplinary' ..." Sy glo in die universele aanwending van die algemene sisteemteoretiese benadering en stel dit soos volg: "What is new is the potential of a wholes approach for



transforming debate on current global problems through rethinking the epistemologies that ground conventional analysis. In this shift new visions appear for intervention” (Hanson, 1995: 2). Becvar en Becvar (2000: xii) ondersteun die gedagte dat die sisteemteorie die verwysingsraamwerk bied waarvolgens meer as een moontlike realiteit (oplossing) vir vraagstukke gevind kan word.

Die waarde van die algemene sisteemteorie vir hierdie studie kan soos volg saamgevat word aan die hand van die eienskappe van ’n teorie in die algemeen soos deur Potgieter (1998: 52) uiteengesit:

- Die algemene sisteemteorie bied ’n holistiese benadering tot die komplekse dispute van gesinne-in-egskeiding aangaande die minderjarige kind. Volgens hierdie siening beskou die navorser die gesin-in-egskeiding as ’n sisteem waarvan die eenheid groter is as die som van die dele daarvan. Dit beteken die dinamiese aard van die interaksie tussen die lede van die gesin is nie waarneembaar wanneer die lede in isolasie geassesseer word nie. Dit beklemtoon die feit dat die wisselwerking tussen ouers en kinders, asook tussen ouers onderling en tussen die kinders onderling slegs waarneembaar is indien die gesin in die totaliteit van samestelling en funksionering geassesseer word.
- Die algemene sisteemteorie bied ’n omvattende beskrywing van die eienskappe van ’n sisteem waarvolgens die patrone van funksionering, wat die gesinsisteem oor die tydperk van sy bestaan ontwikkel, waargeneem en omskryf kan word. Dit beklemtoon weereens die feit dat hierdie patrone van gedrag in die gesin nie altyd deur liniêre oorsaak-en-gevolg-tegnieke bepaalbaar is nie. Die navorser is veral geïnteresseerd in die interaksionele patrone in die gesinsisteem, aangesien dit die unieke funksioneringswyse van die gesin uitlig. Daarby bied dit ’n effektiewe wyse vir assessering van die belange van die minderjarige kind met die oog op bepaling van die bewaring en toegang (sorg en kontak) na die eg skeiding.
- Ten opsigte van assessering van die gesin-in-egskeiding bied die algemene sisteemteorie ’n breër visie met betrekking tot die verhoudingsdinamika binne die gesinsisteem as basis vir die bepaling van ’n ingrypende besluit aangaande die minderjarige kind se toekoms en voortgesette ontwikkeling. Assessering en evaluering van die kind in verhouding met ’n individuele ouer, die ouers as egpaar asook die sibbe onderling is na die navorser se mening van kardinale belang ten einde soveel moontlik direkte inligting te versamel. Deur direkte waarneming en terugvoer, en nie slegs deur die ouers se weergawe of individuele gesprekvoering alleen nie, word die perspektief aangaande die onderlinge gesinsverhoudinge soveel meer verbreed.



- 'n Toepaslike teoretiese fundering bied dus aan die navorser 'n bepaalde kennisbasis waarvolgens 'n vraagstuk benader en oplossings gesoek word. Die geskiktheid van die algemene sisteemteorie vir die bestudering van die ingewikkelde organisatoriese samestelling van die gesinsisteem word deur Constantine in Goldenberg en Goldenberg (1998: 21) bevestig. Die skrywer beklemtoon dit is juis die gesinsisteem as eenheid se reaksie op probleme asook die mate waartoe die gesinsfunksionering deur probleme beïnvloed word, wat bepalend is vir die keuse van die sistemiese benaderingswyse.
- Egskeidingsdispute aangaande die bewaring en toegang (sorg en kontak) van minderjarige kinders is 'n universele maatskaplike vraagstuk wat op grond van die algemene sisteemteorie vanuit 'n ander perspektief benader kan word. Compton en Galaway (1989: 3) haal William Schwartz aan wat reeds in 1961 klem geplaas het op die gemeenskap se poging om sy dele in 'n geheel te integreer en die maatskaplike werker se rol in hierdie proses beklemtoon het. In die volgende uitspraak deur Compton en Galaway (1989: 123) word erkenning gegee aan die geskiktheid van die algemene sisteemteorie in die toepassing daarvan in maatskaplike werk:

It offers a conceptual framework that shifts attention from the cause and effect relationship between paired variables to the person/situation as an interrelated whole. The person is observed as part of his/her total life situation; person and situation are a whole in which each part is interrelated to all other parts in a complex way through a complex process ...

Ten einde die toepaslikheid van die algemene sisteemteorie ten opsigte van gesinsassessering in egskeidingsevaluering toe te lig, gaan daar in die verdere bespreking op die volgende aspekte gefokus word:

- die **inhoud van die algemene sisteemteorie** met verwysing na (1) die omskrywing van 'n teorie en (2) die algemene argitektuur van 'n teorie met beklemtoning van die intellektuele tradisie, uitgangspunte en relevante konsepte van die algemene sisteemteorie;
- die **waarde van die algemene sisteemteorie** met verwysing na (1) die teoretiese betekenis daarvan asook (2) die betekenis van die algemene sisteemteorie met betrekking tot bestudering van die gesin.





## **2.2 DIE INHOUD VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE**

Die algemene sisteemteorie behels 'n bepaalde denkwysie wat onderliggend is aan die perspektief van en benadering tot vraagstukke. Die vertrekpunt van hierdie teoretiese benadering is die gedagte van holisme. Hanson (1995: vii) vergelyk die proses van die teoretiese uiteensetting van die algemene sisteemteorie met die opstel van 'n riglyn om te leer loop of asemhaal. Dit is 'n gekompliseerde taak ten opsigte van 'n benadering wat as 'n inherente gegewenheid van die wetenskap beskou behoort te word. Die kerngedagte van die algemene sisteemteorie, naamlik dat die sisteem as 'n totaliteit gesien word waarvan die dele gesamentlik anders vertoon as wanneer dit afsonderlik beskou word, verteenwoordig die belangrike verskuiwing van denkwysie in benadering tot vraagstukke, naamlik vanaf 'n reduksionistiese tot 'n holistiese perspektief.

Die vraag ontstaan tot watter mate die algemene sisteemteorie aan die definiëring en vereistes van 'n wetenskaplike teorie voldoen. Teorieë is abstrakte en algemene idees wat onderworpe is aan organisatoriese reëls. Teorieë skakel met die feite en data van praktiese ervarings wat selektief en betekenisvol waargeneem is (Bless & Higson-Smith, 1995: 10; Klein & White, 1996: 1).

Die inhoud van die algemene sisteemteorie word vervolgens eerstens aan die hand van die omskrywing van 'n teorie behandel waarna die algemene argitektuur van die teorie beskryf word.

### **2.2.1 Omskrywing van 'n teorie**

Die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie word voorts deur die konseptualisering van 'n teorie in die algemeen gerig.

Die wetenskap is fundamenteel gemoeid met idees en data en die verhouding daartussen. Wetenskaplike teorieë behels 'n algemene beginsel en veronderstellings wat sistematies verband hou en empiries toetsbaar is (Nye, 1979: 1; Bless & Higson-Smith, 1995: 11; Klein & White, 1996: 3). Pierson en Thomas (2002: 476) beskryf 'n teorie as 'n stel gevolgtrekkings wat impliseer dat dit geformaliseer, gepubliseer, gedebatteer en getoets is. Dit behels dus die deurwerk en toepassing van die versamelde inligting.


Volgens De Vos (2002: 40) is 'n teorie 'n poging om 'n bepaalde verskynsel te verduidelik en/of te voorspel. Kerlinger, soos aangehaal in De Vos (2002: 40), bevestig dat 'n teorie 'n sistematiese voorstelling van 'n bepaalde verskynsel bied. Homans, soos aangehaal in Klein en White (1996: 2), omskryf 'n teorie soos volg: "A theory is nothing ... unless it is an explanation. ... Not until one

has properties, and propositions stating the relations between them, and the propositions form a deductive system – not until one has all three does one have a theory.”

Dit word algemeen gestel dat ’n teorie as oriëntasie met betrekking tot die versameling van feite aangaande die realiteit dien, waardeur die feite sistematies bestudeer en verklaar kan word en uitsprake oor toekomstige gebeure of gedrag gedoen kan word (Nye, 1979: 1; Bless & Higson-Smith, 1995: 11; De Vos, 2002: 41; Pierson & Thomas, 2002: 476). Compton en Galaway (1989: 94) stel die rol van teorie duidelik in die volgende uitspraak: “... data does not have meaning until it is interpreted. It is theory, constructed of known facts and phenomena held together by certain conceptual notions, that speaks to the meaning of facts.”

’n Teorie is dus die produk van ’n proses van teoretisering waardeur idees sistematies geformuleer en georganiseer word tot ’n stel interverwante beskrywings, voorstellings en hipoteses ten einde ’n bepaalde verskynsel te klassifiseer en te verstaan (Doherty et al., soos aangehaal in Klein & White, 1996: 2; De Vos, 2002: 47).

Hierdie proses van ontwikkeling vanaf feite tot teorie word skematies deur Potgieter (1998: 51) soos volg in Figuur 2 voorgestel:



*Figuur 2: Voorstelling van die proses van teoretisering*

Akkurate waarneming van ’n verskynsel of probleem is krities belangrik in die insiëring van die teoretiseringsproses, gevolg deur die daarstel van feite en konsepte wat getoets en geverifieer moet word ten einde aan wetenskaplikheid te verantwoord. Die hipotese aangaande die verhoudingspatroon(e) tussen die idees en data word opgevolg met die stel van beginsels of riglyne aan die hand





waarvan tegniese prosedures vir aksie of inwerkingstelling van die teorie ontwikkel word (Potgieter, 1998: 51). Die wetenskaplikheid van 'n teorie is geleë in die verklaring van die verhouding tussen die empiriese feite of data en die bepaalde idees aangaande die fenomeen (Potgieter, 1998: 51; Neuman, 2000: 40).

Die denkwysse waarvolgens die verklaring van feite gedoen en tot 'n gevolgtrekking gekom word, word in drie vorme onderskei, naamlik deduktiewe, induktiewe en diagnostiese beredenering (Klein & White, 1996: 4; Babbie, 2001: 34-36; Delpont & De Vos, 2005: 47-49). Die beredeneringsproses wat vanaf die algemene na die spesifieke verloop, is bekend as die *deduktiewe* vorm (Babbie, 2001: 35). Die denke vloei en ontwikkel vanaf die idees na die empiriese data of feite (Klein & White, 1996: 4; Neuman, 2000: 49). 'n Patroon wat logies of teoreties te wagte is, word waargeneem en lei die denke na observasies waardeur die werklike bestaan van die waargenome patroon getoets word (Babbie, 2001: 35). Die deduktiewe denkvorm behels twee relevante aannames of stellings wat selfverduidelikend is en oor 'n breë basis as korrek/waar aanvaarbaar is. Die eerste stelling stel die saak terwyl die tweede aanname verwys na die veralgemening waarvan die saak slegs 'n voorbeeld is. Die deduktiewe gevolgtrekking vloei logies hieruit voort en kom selfverduidelikend voor. Die *deduktiewe sillogisme* (sluitrede) kan soos volg voorgestel word (Delpont & De Vos, 2005: 47):

- Eerste stelling (die saak): Frankie Fredericks is 'n atleet.
- Tweede stelling (die veralgemening waarvan die saak 'n voorbeeld is): Atlete is fiks.
- Deduktiewe gevolgtrekking (logiese, selfverduidelikende afleiding): Frankie Fredericks is fiks.

Geen nuwe kennis word bygevoeg nie, aangesien die gevolgtrekking vervat is in die stellings. Sonder die stelling van die saak is deduktiewe beredenering egter nie moontlik nie. Dit kan gestel word dat die deduktiewe denkwysse vanaf die vraag "Waarom?" lei na die vraag "hetsy/of" en daaruit tot die gevolgtrekking oorgaan (Klein & White, 1996: 4; Neuman, 2000: 49; Babbie, 2001: 35-36; Delpont & De Vos, 2002: 52).

Die *induktiewe denkproues* verloop in die teenoorgestelde rigting, naamlik vanaf die spesifieke na die algemene (Babbie, 2001: 34). Hierdie vorm van verklaring ontwikkel vanaf die bepaalde, gedetailleerde waargenome feite na die vorming van abstrakte veralgemenings en idees (Klein & White, 1996: 4; Neuman, 2000: 49). 'n Stel spesifieke waarnemings lei tot die ontdekking van 'n patroon wat 'n mate van orde in die gegewe gebeure verteenwoordig (Babbie, 2001: 34). Delpont en De Vos (2002: 53) voeg die mening van Leedy by wat stel dat waarnemers deur induktiewe beredenering tot 'n gevolgtrekking kom aangaande 'n populasie deur waarneming van 'n klein verteenwoordiging van sodanige popu-



lasie. Spesifieke gebeure word aangewend om afleidings met betrekking tot 'n groot groep gebeure te maak. Die induktiewe metode behels ook twee stellings of aannames waarvan die eerste die saak verteenwoordig en die tweede 'n eienskap van die saak is waarvolgens die gevolgtrekking 'n tentatiewe veralgemening is. Die *induktiewe sillogisme* (sluitrede) kan soos volg voorgestel word (Delpont & De Vos, 2005: 48):

- Eerste stelling (die saak): Frankie Fredericks is 'n atleet.
- Tweede stelling (eienskap van die saak): Frankie Fredericks is fiks.
- Induktiewe gevolgtrekking (tentatiewe veralgemening / 'n moontlikheid afgelei uit die genoemde eienskap): Atlete is fiks.


Baie toetsing word verder benodig om die induktiewe gevolgtrekking te bevestig. Die induktiewe gevolgtrekking bevestig derhalwe slegs dat 'n patroon bestaan, maar verklaar nie waarom dit so is nie (Babbie, 2001: 35). In teenstelling met die deduktiewe gevolgtrekking is die induktiewe gevolgtrekking slegs 'n moontlikheid en nie 'n sekerheid nie. Die induktiewe beredeneringsproses word as kreatief beskryf, aangesien daar 'n nuwe gedagte bygevoeg word wat nie in die stellings verteenwoordig is nie (Delpont & De Vos, 2005: 48).

Die *diagnostiese beredeneringswyse* is in 1954 deur Louis Lehrmann beskryf (Delpont & De Vos, 2005: 48). Hierdie vorm van beredenering verwys na die denkwyse waarvolgens die professionele helper in beroepe soos maatskaplike werk 'n tentatiewe groepering van 'n bepaalde saak bereik onder andere om 'n persoon met 'n besondere probleem in terme van 'n bepaalde kategorie te beskryf. 'n Voorbeeld sou wees om die persoon wat oormatig alkohol gebruik en wie se maatskaplike funksionering afneem, as alkoholis te etiketteer. Die doel van diagnostiese beredenering is meestal om duidelikheid te kry aangaande 'n vraagstuk ten einde 'n plan van aksie te formuleer. Die diagnostiese denkwyse kan as 'n verwerkte vorm van die induktiewe metode beskryf word (Delpont & De Vos, 2002: 54).

'n Wetenskaplike teorie is dus die getoetste of toetsbare verwantskap tussen idees met betrekking tot 'n verskynsel en die waargenome feite aangaande 'n verskynsel en tot watter mate die sistematiese organisering van al hierdie relevante faktore die verskynsel of groep fenomene aanvaarbaar verklaar en tot aksie kan inspireer. Pierson en Thomas (2002: 478) stel dit dat "... a good theory is essentially practical", met ander woorde dit behoort bruikbaar en toepaslik vir die verklaring van die verskynsel te wees.

In die beskrywing van die algemene sisteemteorie is dit die navorser se mening dat hierdie 'n teorie is wat vanuit 'n kombinasie van deduktiewe en induktiewe beredenerings ontwikkel het. Die wetenskaplike het die algemene verskynsel of

patroon in die wetenskap waargeneem, naamlik ontoereikende verklarings vir die verskil in gedrag van die afsonderlike dele van 'n sisteem en die gesamentlike gedrag van die geheel. Bepaalde idees aangaande hierdie verskynsel is ontwikkel tot die formulering van die algemene sisteemteorie, wat as die spesifieke aspek beskou word. Die formulering van die teorie het egter nie stagneer nie en voortdurende toetsing en ontwikkeling het plaasgevind. Die skepping van die algemene sisteemteorie het 'n nuwe rigting in die wetenskap ingelei en verteenwoordig 'n paradigmaskuif in wetenskaplike denke (Von Bertalanffy, 1973: xvii-xviii; Miller & Miller, 1992: 9) wat as kreatief beskou word. Hierdie aanvullende ontwikkelingspatroon in die teoretiseringsproses kan met die voorstelling van Wallace, soos aangehaal in Babbie (2001: 35), in Figuur 3 verduidelik word:



*Figuur 3: Voorstelling van die aanvullende beredeneringsproses*

Die voorafgaande bespreking van die omskrywing van 'n teorie in die algemeen as die eerste aspek van die inhoud van die algemene sisteemteorie lei die aandag voorts na die tweede aspek, naamlik die algemene argitektuur van 'n teorie. Die begrip “argitektuur” verwys na die boustyl of boukuns van 'n gebou (*Reader's Digest Woordeboek*, 1993: 684). In die konteks van 'n teorie verwys die argitektuur van die teorie dus na die bepaalde samestelling of uiteensetting van die besondere teorie. Die navorser bespreek die algemene sisteemteorie vervolgens aan die hand van drie noodsaaklike identifiseerbare dele van 'n teorie, naamlik (1) die intellektuele tradisie, (2) uitgangspunte en (3) konsepte soos deur Klein en White (1996: 10-17) beskryf. Die genoemde skrywers formuleer hierdie indeling as die “general architecture of theories” wat van toepassing is op alle teorieë in enige studierigting (Klein & White, 1996: 10).



## **2.2.2 Die algemene argitektuur van 'n teorie**

In die voorafgaande bespreking rakende die omskrywing van 'n teorie is reeds melding gemaak van aspekte in die proses van teoretisering, soos idees en data, asook die waarneming van verskynsels en die verwantskap tussen al die faktore. Die tweede gedeelte van die inhoud van die algemene sisteemteorie word vervolgens, aan die hand van die dele waaruit 'n teorie volgens Klein en White (1996: 10) bestaan of die argitekplan van die teorie, beskryf as die (1) intellektuele tradisie, (2) uitgangspunte en (3) konsepte. Hierdie indeling volg die logiese ontwikkeling van 'n teorie vanaf die waarnemingsfase en bied aan hierdie studie 'n struktuur met betrekking tot die bespreking van die algemene sisteemteorie.

### **2.2.2.1 Die intellektuele tradisie van die algemene sisteemteorie**

Die intellektuele tradisie word voorts as eerste deel van die algemene argitektuur van 'n teorie in verwysing na die inhoud van die algemene sisteemteorie bespreek.

Die intellektuele tradisie as aspek van 'n teorie se samestelling of “argitektuur” verwys na die geskiedenis en ewolusie van die teorie. Volgens Klein en White (1996: 10) het elke teorie sy ontstaan in 'n algemene denkwysie wat 'n groep navorsers of denkers ondersteun het. Potgieter (1998: 51) verwys na die sikliese beweging waardeur teorie tot stand kom as antwoord op die vrae “waarom” en onder “watter” omstandighede. Dit kan gestel word dat hierdie algemene gedagtes en idees aangaande 'n verskynsel met verloop van tyd ontwikkel en nuwe idees beïnvloed sodat daar dus sprake van 'n historiese agtergrond of biografie eie aan die besondere teorie is. Die tydperk wanneer 'n teorie ontstaan asook die primêre bydraers tot die ontwikkeling daarvan is uiters belangrik by die bestudering van 'n teorie ten einde die geldigheid daarvan te oorweeg.

Binne die konteks van die intellektuele tradisie van 'n teorie as eerste deel van die argitektuur daarvan is die volgende kernelemente in verband met die algemene sisteemteorie van belang en dit sal meer diepgaande bespreek word:

- die beginsel van holisme
- die primêre invloedsefere op die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie met verwysing na:
  - die ewolusionêre perspektief
  - die Newton-perspektief
  - die ontwikkeling van informatika en outomatisering
  - die nuwe realiteit



- die invloed op die gesinsterapiebeweging met verwysing na:
  - die ontkiemingsfase
  - die paradigmaskuif in gesinsterapie

### 2.2.2.1.1 Die beginsel van *holisme*

Die beginsel van holisme word voorts as die eerste kernelement van die intellektuele tradisie van 'n teorie as deel van die argitektuur van die teorie in die beskrywing van die inhoud van die algemene sisteemteorie bespreek.

Edmund Sinnott (Delpino, 1975: 5) het in 1961, in 'n nuwe voorwoord tot die werk van J.C. Smuts aangaande holisme wat in 1926 verskyn het onder die titel *Holism and Evolution*, die kernwese van 'n wetenskapsleer soos volg verwoord:

The great problem of knowledge, indeed the great mystery of reality, is just this: how do elements of factors **a** and **b** come together, combine and coalesce to form a new unity or entity **x** different from both of them? To my mind this simple formula of synthesis sums up all the fundamental problems of matter, life and mind. The answer to this question will in some measure supply the key to all or most of our great problems.

Die noodsaaklikheid van 'n bepaalde denkwysie as vertrekpunt in die ondersoek van 'n vraagstuk word deur hierdie stelling beklemtoon. Hierdie uitspraak van Sinnott spreek terselfdertyd die kernbeginsel van die algemene sisteemteorie aan, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan.

Hanson (1995: 1) voer die ontstaan van die begrip “holisme” terug na die Griekse filosoof Aristoteles. Klein en White (1996: 151) skryf egter die oorspronklike gedagte toe aan die Griekse filosoof Democritus (450-370 vC). Volgens Bailey (1928: 12) word Democritus as filosoof in die hiërargie van denkers gelykgestel met Plato (427-347 vC) en Aristoteles (384-322 vC). Daar kan dus aanvaar word dat Democritus, wat vroeër geleef het, die oorspronklike denker van hierdie gedagte is, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan. Beer (1994: 14-15), voer verder aan dat begrip vir die eenheid in die heelal 'n insig is wat reeds in die vroeë Oosterse filosofieë bestaan het. Klein en White (1996: 151) beskryf die aandeel wat Herbert Spencer se werk in 1880 in die ontstaan van die beginsel van holisme gehad het. Spencer se werk is gebaseer op sy siening dat dieselfde basiese prosesse deur die totale heelal plaasvind en dat versamelings te voorskyn kan kom wat groter is as die som van hulle dele (Klein & White, 1996: 151). Spencer het beginsels daargestel wat veral in die biologie, psigologie en sosiologie toepasbaar sou wees.





Die term “holisme” (holism) is in 1926 deur J.C. Smuts, voormalige generaal en premier van die Unie van Suid-Afrika, in sy werk *Holism and Evolution* geskep as beskrywing van die geheel of totaliteit (wholeness) wat die mens voortdurend in die heelal teëkom (Delpino, 1975: 8-9; Beer, 1994: 14; Potgieter, 1998: 114). Smuts was geïnteresseerd in die beginsel onderliggend aan die oorsprong en ontwikkeling van totale (gehele/*wholes*) in die heelal en die raakpunte tussen die natuurwetenskap en filosofie (Delpino, 1975: 6). Die oënskynlik ongelyksoortige verskynsels van *Matter, Life and Mind* en die soeke na ’n brug tussen die fisieke, biologiese en psigiese aspekte in die werklike lewe het sy denke vasgevang, soos dit duidelik in sy oortuiging gestel word: “... unless we were to continue to assume that our human experience is a jumble of disconnected elements” (Delpino, 1975: 6). Smuts het bevestig dat sy denkrigting die menslike elemente insluit en dat die term “holisme” “... may be applied to human associations such as the state and the creations of the human spirit” (Delpino, 1975: 8). Die geheel of “wholes” word nie deur Smuts as kunsmatige skeppings van die gedagte beskou nie, maar as ’n werklikheid in die heelal en die dryfkrag agter ewolusie (Delpino, 1975: 8). Dit word beklemtoon dat die dele van die geheel nie bloot meganistiese toevoegings tot die geheel is nie en dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan “... because Wholes have characteristics which are dynamic, organic, evolutionary and creative” (Delpino, 1975: 8).

Ondersteuning vir die beginsel van holisme en erkenning van die belangrikheid van die verhouding tussen die dele van ’n sisteem tot die sisteem asook onderling tussen die dele afsonderlik word onder andere deur Marks in Delpino (1975: 25), Beer (1994: 14) en Levine en Fitzgerald (1992a: vii) gebied. Langton (in Page, 1996: 19) beskryf die holistiese beginsel soos volg: “You have to take the separate elements, put them in one another’s presence, have them behave, and see what arises.”

Dit word beklemtoon dat elke stelling aangaande ’n sisteem in terme van die verhouding van die dele van ’n sisteem geanaliseer kan word. Ludwig von Bertalanffy (1973: xx) het die beginsel van holisme reeds in die 1930’s aanvaar en as sistemiese denkrigting en teorie ontwikkel (Moore, 1997: 557). Stafford Beer (1994: 14), gee in sy presidensiële rede by die sewende driejaarlikse internasionale kongres van kibernetika en sisteme in Londen in 1987 erkenning aan Smuts vir die skep van die term “holisme”. Beer (1994: 14) identifiseer sterk met die beginsel van holisme en het persoonlik die titel *Panenceleisis*, wat allesinsluitend beteken, gebruik om sý perspektief met betrekking tot die interverwantskap van alle dinge te verwoord. Die gedagte van “allesinsluitend” stem ooreen met die begrip “pan-disciplinary” wat Hanson (1995: 2) gebruik om die toepaslikheid van die konsep “gehele” of “holisme” op alle dissiplines te beskryf. Delpino (1975: 120-121) bevestig dat Smuts se holistiese perspektief





betekenis aan die wêreldperspektief gegee het. Hy doen 'n beroep op 'n hersiening van Smuts se betoog ten einde die algemene wêreldbeskouing ten opsigte van maatskaplike instellings soos die gesin, skool en politiek te hernu. Hierdie beroep ondersteun die drif van Hanson (1995: vii-viii) om die algemene sisteemteorie toeganklik en toepasbaar te maak vir 'n groter groep professies en akademië, waaronder veral die helpende professies soos verpleegkunde, maatskaplike werk, sosiologie, psigologie asook die ekonomie, omgewingstudies, maatskaplike beleidmaking en vrouestudies.

Die beginsel van holisme is reeds eeue gelede erken, daarna in 1926 met die term "holisme" verwoord en aanvanklik hoofsaaklik deur natuurwetenskaplikes aanvaar en toegepas in die sistemiese benadering wat veral weens die Tweede Wêreldoorlog tot ontplooiing gekom het (Von Bertalanffy, 1973: 4-5; Harnden & Leonard, 1994: 1-2).

In die konteks van die intellektuele tradisie van die algemene sisteemteorie word die erkenning wat aan die beginsel van holisme verleen is dus as die hoeksteen van die ontwikkeling van die sistemiese denkwyses en benadering beskou. Hieruit het die invloed van die beginsel van holisme voortgevloei.

Vervolgens word die belangrikste invloedssfeer op die ontstaan van die teorie as tweede kernelement van die intellektuele tradisie met betrekking tot die inhoud van die algemene sisteemteorie bespreek.

#### *2.2.2.1.2 Primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie*

In die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie word die primêre invloedssfeer op die ontstaan daarvan voorts as tweede kernelement van die argitektuurplan van die teorie hanteer.

Binne die intellektuele tradisie van die algemene sisteemteorie beklemtoon Klein en White (1996: 150) dat die algemene sisteemteorie 'n indrukwekkende afkoms het wat uit 'n diverse invloedssfeer stam, waarvan die biologie, fisika, wiskunde en ingenieurswese voorbeelde is (Von Bertalanffy, 1973: ix; Levine & Fitzgerald, 1992b: 1; Harnden & Leonard, 1994: 2). Die grootste ontwikkeling in die algemene sisteemteorie het gedurende die twintigste eeu plaasgevind terwyl daar tog voor hierdie tyd bepaalde sienings bestaan het wat 'n fundamentele bydrae tot die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie gelewer het. Daar sal dus in die verdere bespreking eensyds gelet word op die perspektiewe voor die twintigste eeu en andersyds op die perspektiewe tydens die twintigste eeu wat 'n invloed uitgeoefen het.



▪ *Ewolutionêre perspektief*

Die denke en werk van filosowe soos Democritus, Plato en Aristoteles, wat reeds in die tydperk voor Christus in die werking van die heelal geïnteresseerd was en reeds onder punt 2.2.2.1.1 bespreek is, kan beskou word as deel van die ewolutionêre perspektief. In die bespreking van die genoemde filosowe en ander denkers soos Spencer se werk, is gesien dat die fokus op die ewolusie in en van die heelal gerig was. Dit het behels dat die heelal beskou is as 'n voortdurende proses van struktuurvorming en -verspreiding waarin dele bymekaar kan kom "... to form more than the sum of their parts" (Klein & White, 1996: 151).

Spencer se werk het die eeue oue soeke na eenheid in wetenskappe en universele beginsels vir alle studierigtings weer versterk en sy holistiese beskouing van die heelal kan as van die voorlopers van die algemene sisteemteorie beskou word (Klein & White, 1996: 151).

▪ *Newton-perspektief*

Die werk van Newton (1642-1727) (*Encyclopedia Britannica*, vol. 16, 1981: 419) word vervolgens as die tweede primêre invloedssfeer uit die voor-twintigste-eeu-tydperk in die ontstaan van die algemene sisteemteorie bespreek.

Newton se siening dat daar 'n objektiewe realiteit bestaan wat ontdek behoort te word, het die wetenskaplike denkwyses tot teen die einde van die negentiende eeu gedomineer. Die vertrekpunt van hierdie siening ten einde die verskynsels te verstaan, berus op veral drie veronderstellings, naamlik:

- (i) *reduksionisme*, waarvolgens verskynsels tot die mees elementêre elemente gereduseer moet word;
- (ii) *liniêre oorsaaklikheid*, waarvolgens die verhouding tussen elemente op oorsaak en gevolg berus; en
- (iii) *neutrale objektiwiteit*, waarvolgens die waarheid aangaande verskynsels slegs deur objektiewe waarneming ontdek kan word (Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 556-557).

Die wetenskap het gevolglik in alle velde die elemente van verskynsels en die geobserveerde heelal in isolasie probeer bestudeer met die verwagting dat die hersamevoeging van die dele die geheel sou verklaar. Die begin van die twintigste eeu het egter die bestaan van 'n objektiewe realiteit bevraagteken. In die natuur- en menslike wetenskappe het die gedagte aan 'n relatiewe realiteit inslag begin vind met die bewuswording van die rol wat die



waarnemer in eie persoon en met eie idees in die proses vervul (Moore, 1997: 557).

Dit is die navorser se mening dat hierdie verskuiwing genoodsaak is deur die feit dat die bestaande reduksionistiese Newtonse perspektief nie 'n bevredigende verklaring vir vraagstukke kon bied nie. 'n Nuwe perspektief het noodgedwonge begin verskuif na die verhoudings tussen dele en die wisselwerkende karakter daarvan (Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 557).

Die aandag word in die volgende gedeelte op die primêre invloedssfeer uit die twintigste eeu gevestig met beklemtoning van die ontwikkeling van informatika en outomatisering asook die veranderde siening van realiteit.

- *Ontwikkeling van informatika en outomatisering (information and automata)*

Vervolgens word die ontwikkeling van informatika en outomatisering as faktore tydens die twintigste eeu, wat as primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie beskou kan word, beskryf. Die ontwikkeling van die genoemde faktore word as deel van die tweede kernelement, naamlik die primêre invloedssfeer, van die argitektuur van die algemene sisteemteorie bespreek.

Von Bertalanffy (1973: 3-4), self 'n bioloog en skepper van die algemene sisteemteorie, bevestig die komplekse aard van die wortels van hierdie teorie en skryf die begin enersyds aan die ontwikkeling in die ingenieursbedryf toe. Dit was veral die verandering vanaf kragaangedrewe tegnologie na kontrole tegnologie met die daaropvolgende groei in selfaangedrewe masjinerie wat die denkrigting in die tegnologie gedwing het na die aanwending van sistemiese masjinerie. "Technology has been led to think not in terms of single machines but in those of 'systems'" (Von Bertalanffy, 1973: 3-4; Klein & White, 1996: 151-152).

Moore (1997: 557) beklemtoon dat die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy sedert die beskrywing daarvan in die middel van die twintigste eeu 'n belangrike rol gespeel het in die verandering vanaf die reduksionistiese siening van die mens na 'n holistiese perspektief.

Die volgende faktor wat deel vorm van die twintigste eeu se bydrae tot die primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie is die vorming van 'n sogenaamde nuwe siening deur die mensdom van die werklikheid



of realiteit waarin hy lewe. Hierdie faktor word voorts as die sogenaamde “nuwe realiteit” bespreek.

- *Die nuwe realiteit*

Die verandering in die siening van die mens na ’n holistiese perspektief soos vooraf bespreek, word vervolgens as ’n verdere deel van die primêre invloedse op die ontstaan van die algemene sisteemteorie in bespreking van die argitektuur daarvan hanteer.

Auerswald (1989: vii), beskryf die verandering wat sedert die begin van die twintigste eeu in die definisie en begrip van die realiteit by die menslike spesie ingetree het. Die ontwikkeling van die begrip “relatiewiteit” en “kwantumfisika” het tot die ontstaan van nuwe domeine in wetenskaplike uitdagings gelei waarvan ekologie, chaosteorie en sisteemteorie voorbeelde is (Auerswald, 1989: vii; Klein & White, 1996: 151; Moore, 1997: 557). Die genoemde skrywer Auerswald (1989: vii) gebruik die metafoer van die skoelapper se metamorfose om te verduidelik dat die menslike spesie besig is met ewolusie en ontwikkeling in denke aangaande die kennis en begrip van sy bestaan op hierdie planeet Aarde en stel dit soos volg:

... our human species is emerging not only from the confines of our planet, but also from the cocoon of past awareness. A new version of what we call reality is forming at an accelerating rate. We are as a result redefining our history and recasting our destiny.

Die nuwe dimensies van wetenskaplike ontdekking wat ontplooi het, het ’n bepaalde invloed op die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie uitgeoefen. Die studie van ekologie, wat patrone van gebeure in die natuurlike omgewing beklemtoon met die uitgangspunt dat alle dinge in die natuur in ’n komplekse gesistematiseerde wyse met mekaar verband hou, het ’n sistemiese en holistiese inslag bevestig (Auerswald, 1989: vii; Moore, 1997: 555).

’n Ander dimensie van wetenskaplike ontwikkeling was die ontstaan van die sisteemteorie wat die ooreenkomste en verskille in die dinamika van verskeie algemene gebeurlikheidspatrone bestudeer en beskryf het en die geheel-konsep van verskynsels beklemtoon het. ’n Verdere dimensie van ontwikkeling was dié van kibernetika waardeur liniêre oorsaaklikheid deur ’n model vervang is waarvolgens oorsaaklikheid en stabiliteit in ’n sisteem beskou is as die uitkoms van die interverwante herhalende patrone wat mekaar beheer. Hierdie herhalende patrone is nie verder beskou as die produk van “toeval-



ligheid” nie, maar is in die groter konteks gesien as patrone waarin vorm waarneembaar is wat verwys na die basiese beginsels van beheer, regulering, uitruiling en prosessering van inligting (“information”) (Auerswald, 1989: vii; Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 558).

Die behoefte aan ’n teorie om al hierdie areas te verenig, is veral deur die Tweede Wêreldoorlog beklemtoon. In 1947 het Ludwig von Bertalanffy die algemene sisteemteorie beskryf en gedefinieer en is dit deur Grinker as ’n “global theory” beskryf (Von Bertalanffy, 1973: 7, 10-17; Klein & White, 1996: 152). Von Bertalanffy (1973: xiv) verklaar die volgende aangaande die nuwe realiteit en die ontstaan van die algemene sisteemteorie: “Now we have learned that for an understanding not only the elements but their interrelationships as well are required ...” Hierdie feit kan toegepas word op die ensieme van ’n sel of die geestesprosesse van die brein asook op die struktuur en dinamika van ’n maatskaplike sisteem soos die gesin. Die algemene sisteemteorie is ’n wetenskaplike ondersoek na gehele (“wholes”) en totaliteit (“wholeness”), aldus Von Bertalanffy (1973: x).

Hierdie kernidee, naamlik dat die heelal in terme van gehele (“wholes”) funksioneer en dat daar ’n gemeenskaplikheid tussen alle sisteme bestaan soos weergegee in die voorafgaande perspektiewe, is die basis vir die navorser se teoretiese fundering van hierdie studie aangaande die verskynsel van die gesin-in-egskeiding. Die gesin word beskou as ’n sisteem wat holisties gesien groter is as die som van die dele daarvan. Dit beteken die gedrag van die individuele gesinslede kan nie in isolasie beskou word ten einde tot ’n gevolgtrekking aangaande die funksionering van die gesin as geheel te kom nie.

Die bespreking van die voorafgaande nuwe realiteit wat in die wetenskap gevorm het, is die laaste faktor van die twintigste eeu se bydrae as primêre invloedssfeer op die geskiedkundige agtergrond van die algemene sisteemteorie. Die primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie is die tweede kernelement van die intellektuele tradisie as eerste deel van die argitektuur van die algemene sisteemteorie.

’n Bespreking van die intellektuele tradisie van die teorie as eerste deel van die argitektuur van die algemene sisteemteorie is nie volledig sonder ’n bydrae ten opsigte van die invloed op die gesinsterapiebeweging nie. Dit word in die volgende gedeelte as die derde kernelement van die intellektuele tradisie hanteer.





### 2.2.2.1.3 Die invloed van die sisteemteorie op die *gesinsterapiebeweging*

In die historiese konteks en ontwikkeling van die algemene sisteemteorie, soos vervat in die bespreking onder intellektuele tradisie as eerste deel van die argitektuur van die teorie, is verwysing na die invloed op die gesinsterapiebeweging noodsaaklik vir hierdie studie waar die funksionering van die gesin as sisteem die fokus van ondersoek is. Die bespreking word vervolgens verdeel in twee fases, naamlik (1) die aanvangstydperk of ontkiemingsfase en (2) die fase van die paradigmaskuif in gesinsterapie.

- *Die ontkiemingsfase*

Die tegnologiese problematiek tydens die Tweede Wêreldoorlog het interdisciplinêre samewerking in navorsing gestimuleer. Die vraagstukke wat ontstaan het, was buite die verwysingsraamwerk van slegs 'n enkele wetenskaplike veld. Dit het interdisciplinêre spanne uit die wetenskap van wiskunde, ingenieurswese, biologie, fisika, neurofisiologie en selfs psigologie byeenbring ten einde die kompleksiteit van kommunikasie tussen mens en masjien te ondersoek. Die menslike persepsie en belewenis van sy taak het 'n belangrike rol gespeel in die suksesvolle aanwending van masjinerie (Von Bertalanffy, 1973: 3-4; Harnden & Leonard, 1994: 2; Becvar & Becvar, 2000: 15-16).

Die nuwe hervormde denkwyse aangaande die natuurwetenskaplike domein het teen ongeveer 1940 'n uitvloeisel in die gedragswetenskappe gehad en wel in die toepassing op gesinne. Norbert Wiener se werk aangaande kommunikasiepatrone en die gemeenskaplike prosesse van kontrole, wat hy as kibernetika ("cybernetics") geformuleer het, het 'n besliste invloed op die ontwikkeling van die gesinsterapiebeweging uitgeoefen (Levine & Fitzgerald, 1992b: 1; Klein & White, 1996: 152; Becvar & Becvar, 2000: 17-19).

Dit was hoofsaaklik deur die eksplorering van psigiatrie en sisteemteorie deur Gregory Bateson en sy vrou, Margaret Mead, beide antropoloë, in samewerking met die psigiater Don Jackson dat sisteemteorie in die studie met betrekking tot families betrek is. Vanuit studies ten opsigte van die psigiatrisiese siektetoestand skisofrenie is die siening gehuldig dat die gesin 'n kommunikasiesisteem verteenwoordig en dat daar sprake is van gesinspatologie. Teen 1954 het Bateson sy bekende werk *Toward a Theory of Schizophrenia* gepubliseer waarin sy "double bind"-hipotese vervat is. Die term "disfunksionele gesin" het ontstaan (Klein & White, 1996: 152-153; Becvar & Becvar, 2000: 20). Die betekenis van hierdie beskouing is geleë in die erkenning van





patologie as 'n simptome van die verskynsel van interpersoonlike verhoudings. Becvar en Becvar (2000: 22) wys daarop dat hierdie deurbraak plaasgevind het in 'n tydperk toe psigodinamiese teorieë aan die orde van die dag was en die ontwikkeling van insig beskou is as die enigste wyse tot verandering by menslike problematiek.

Die beskouing van die gesin as 'n sisteem het in die veld van gesinsterapie as sterk metafoor voortgeduur met 'n klemverskuiwing na verskeie fokus-punte van aandag (Klein & White, 1996: 153). Die toepaslikheid van die algemene sisteemteorie in die bestudering van die gesin word bevestig deur die volgende stelling van Klein en White (1996: 153-154): "General systems theory is sufficiently abstract and general to be applied to both animate and inanimate objects. ... Indeed, this great generality is one of the compelling points of the theory and is tied to the unification of science movement." Genoemde skrywers bespreek die neiging van sommige teoretici om tussen nielewende en lewende sisteme te onderskei as sou dit deur verskillende differensiërings- en organiseringsprosesse beheer word (Miller & Miller, 1992: 9-12). Hulle wys daarop dat hierdie siening versigtig benader moet word, aangesien dit enersyds inherent die kontinuïteit in die wetenskap bedreig en andersyds die feit beklemtoon dat die onderskeid tussen lewende en nielewende sisteme nie so duidelik en aanvaarbaar in die geesteswetenskappe is as wat die voorstanders daarvan beweer nie (Klein & White, 1996: 154-155).

Becvar en Becvar (2000: 23) wys daarop dat daar gedurende hierdie ontkeningsfase van die gesinsterapiebeweging 'n verdeling ontstaan het tussen die twee ideologieë van die intra-psigiese benadering en die sistemiese denkwyse.

Hierdie fase was dus die tydperk waarin betrokkenes in die werk met mense baie bewus geword het van die rol van verhoudings en kommunikasie tussen mense en in die gesin.

Die aandag word voorts gevestig op die volgende fase van belang in die gedeelte oor die invloed van die algemene sisteemteorie op die gesinsterapiebeweging as derde kernelement van die intellektuele tradisie, naamlik die paradigma-verskuiwing in gesinsterapie.

- *Die paradigmaskuif in gesinsterapie*

Die invloed van die algemene sisteemteorie op die gesinsterapiebeweging word as die derde kernelement van die intellektuele tradisie in die gedeelte



oor die algemene argitektuur van die algemene sisteemteorie beskryf. Die fase van paradigmaterskuiwing in gesinsterapie word vervolgens as die tweede fase in hierdie gedeelte bespreek.

Die erkende benadering tot gesinsproblematiek was aanvanklik geskool in die diagnostiese model van patologie. Die fokus was gerig op die bepaling van die geëtiketteerde gesinslid se “probleem”. Die oorsaak van die persoon se probleem is in verklaring van sy intra-psigiese konflikte gesoek en dit het meegebring dat die individu blameer is. Die “probleemgedrag” is hanteer deur ’n poging om tot die persoon se psige deur te dring ten einde die misterieuse onderdrukte wense, herinneringe en gedagtes te ontlok wat aan die basis van die probleem was. Hierdie reduksionistiese en meganistiese benaderingswyse was onbevredigend vir baie gedragswetenskaplikes en daar is verder as die verlede gesoek na verklarings vir huidige gedrag (Auerswald, 1989: viii; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 19; Becvar & Becvar, 2000: 21-22; Allers, 2002: 721; Goldenberg & Goldenberg, 2004: xxi).

Ludwig von Bertalanffy (1973: 30) het deur sy ondersoek na die ewolusie van die wetenskap die interessante fenomeen waargeneem, naamlik dat daar in verskeie wetenskaplike velde, onafhanklik van mekaar, dieselfde soeke na oplossings ontstaan het. Die bewuswording deur Von Bertalanffy (1973: 31-32) van die bestaan van algemene sisteemeienskappe het grootliks ’n nuwe wyse van konseptualisering van oënskynlik onverwante verskynsels laat ontstaan. Begrip vir die interverwantskap van hierdie verskynsels in totaliteit as komponente van ’n groter geheel/sisteem het ontwikkel. Volgens Von Bertalanffy (1973: 33) verteenwoordig ’n sisteem ’n kompleks van komponente of interaktiewe elemente wat saam ’n entiteit kan vorm. Ten einde die funksionering van hierdie entiteit te verstaan, is dit noodsaaklik om verder as die meganistiese werking van die onderskeie dele te ondersoek. Dit is juis die verhouding tussen die dele, die interfunksionering van die elemente wat die geheel vorm en die gedrag van die dele as totaliteit laat verskil (Von Bertalanffy, 1973: 31; Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 557). “The wholeness of the system, how it is organized, the rules underlying how its component parts relate to one another, its repetitive or redundant patterns – these are the system’s vital signs” (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 20).

Die aanvaarding van die sistemiese denkwyse was ’n wetenskaplike rewolusie en ondersteun deur finansiële steun vir navorsing aangaande skisofrenie as verskynsel, waardeur die klem op die gesin se verwantskap geplaas is. Dit het ook in die veld van individuele gedragsproblematiek ’n paradigmaterskuiwing laat plaasvind met ’n nuwe fokus op die gesin (Becvar & Becvar, 2000: 30-32). Teen die einde van 1950 was die ontwikkeling van die gesinsterapiebeweging duidelik konsekwent met die sistemiese rewolusie. Gedurende 1960



is gesinsterapie gevestig en uitgebrei deur professionele erkenning, voortsetting en uitbreiding van navorsingsprojekte en die toenemende bekendstelling van literatuur met betrekking tot die veld. Becvar en Becvar (2000: 1) beklemtoon die waarde van die bydrae deur die gesinsterapiebeweging soos volg: "... it is our belief (bias) that one of the major contributions of the family therapy movement was its introduction of a systemic/cybernetic perspective into the theory and practice of the behavioral sciences." Die daaropvolgende jare tot waar ons ons nou bevind, is gekenmerk deur die ontwikkeling van nuwe benaderings en teoretiese modelle, asook die integrasie van verwysingsraamwerke. Die gesinsterapiebeweging is egter dinamies steeds op die sistemiese epistemologie gebaseer, innoverend aanpassend by die nuwe uitdagings (Klein & White, 1996: 153; Becvar & Becvar, 2000: 40-49; Goldenberg & Goldenberg, 2004: xxi-xxii).

Die intellektuele tradisie as eerste deel van die argitektuur van die algemene sisteemteorie bied aan hierdie studie die nodige historiese verbintenis ten einde die ontstaan van die teorie te begryp. Maturana, soos aangehaal in Becvar en Becvar (2000: 47), is van mening dat die historiese aanloop tot 'n verskynsel belangrik is, maar dit is nie aktief deel van die verklaring in die huidige bedeling nie. Dit bring die tweede deel van die argitektuur of samestellingsplan van die algemene sisteemteorie, naamlik die uitgangspunte, in die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie onder aandag. In hierdie verband word gelet op die vier kernelemente van (1) interverwantskap van alle dele; (2) waarneming van die geheel; (3) wedersydse beïnvloeding tussen sisteem en omgewing; en (4) sirkulariteit.

### **2.2.2.2 Uitgangspunte van die algemene sisteemteorie**

Die tweede deel waaruit die algemene argitektuur as tweede aspek van die inhoud van die algemene sisteemteorie bestaan, is die uitgangspunte. Dit verwys na die veronderstellings wat eie en fundamenteel deel van die beskrywing van 'n teorie is en dikwels so vanselfsprekend aanvaar word dat dit implisiet aan die teorie is (Klein & White, 1996: 11). Dubin, soos aangehaal in De Vos (2002: 35), omskryf veronderstellings of voorstellings as "... a truth statement about a theoretical model (or theory)." Volgens Turner, soos aangehaal in De Vos (2005: 34), is 'n veronderstelling of uitgangspunt 'n teoretiese stelling wat die verbintenis tussen twee of meer veranderlikes spesifiseer waardeur inligting verskaf word met betrekking tot die mate waartoe een konsep deur afwyking in 'n ander beïnvloed word. In die uitgangspunte van 'n teorie is daar dus sprake van die beskrywing van 'n verhouding tussen die konsepte.



Die basiese uitgangspunte waarop die algemene sisteemteorie berus, naamlik die interverwantskap van alle dele van die sisteem, waarneming van die geheel, wedersydse beïnvloeding en sirkulariteit, word soos volg as tweede deel van die algemene argitektuur van 'n teorie bespreek:

#### 2.2.2.2.1 *Interverwantskap tussen dele van 'n sisteem*

Die interverwantskap van die dele van 'n sisteem word vervolgens as die eerste kernelement van die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie bespreek.

Volgens Klein en White (1996: 155) beklemtoon hierdie basiese uitgangspunt die ekologiese geldigheid en inklusiwiteit van die algemene sisteemteorie. Hierdie veronderstelling impliseer dus dat hierdie teorie die interverwantskap van die dele van 'n sisteem tussen mekaar sowel as die interverwantskap van die sisteem as geheel met die omgewing erken. Elke sisteem word beskou as 'n sisteem in eie reg, maar tegelyk ook deel van 'n ander groter sisteem. Daar is dus sprake van 'n sistemiese hiërargie waarin elke sisteem deel vorm van 'n groter sisteem, soos die individu 'n sisteem is wat deel is van die gesinsisteem en die gesin van die gemeenskapsisteem (Moore, 1997: 557; Potgieter, 1998: 54-55).

Alle dele is in verhouding tot mekaar en die geheel of sisteem word vanuit 'n verhoudingsperspektief beskou wat meebring dat verandering in een deel van die sisteem verandering in elke ander deel van die sisteem meebring (Hanson, 1995: 12; Klein & White, 1996: 155; Moore, 1997: 561-563; Potgieter, 1998: 55; Becvar & Becvar, 2002: 65).

Dit beteken derhalwe dat, as fundering vir hierdie navorsing, die lede van 'n gesinsisteem in verhouding tot mekaar funksioneer en die gesin as geheel funksioneer in verwantskap tot die omgewing waarvan dit deel vorm. Dit impliseer dat die verhoudings tussen al die lede van die gesinsisteem en die funksioneringspatrone binne die gesin die primêre fokus van aandag is. Die interne verhoudingspatrone van 'n gesinsisteem word daarby ook in verwantskap tot die gemeenskapsisteem beskou. Daarby word onder andere die verwantskap met die uitgebreide familie, die sosiale netwerk, die opvoedkundige sisteme, ekonomiese sisteme en kulturele sisteme ingesluit. Die fokus van aandag verskuif dus na die wedersydse interaksie en beïnvloeding tussen sisteme en subsisteme, weg van oorsaak en gevolg met die blamerende effek op een van die lede (Hanson, 1995: 12; Potgieter, 1998: 54; Becvar & Becvar, 2002: 65). Die betekenis van gebeure vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief is dus opgesluit in die interverwantskap tussen die lede van die gesinsisteem asook tussen die gesin en die gemeenskapsisteem.



Waarneming van die totaliteit/geheel word hierna as die tweede kernelement van die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie bespreek.

#### 2.2.2.2.2 *Waarneming van die geheel*

Die uitgangspunt dat begrip van 'n sisteem slegs moontlik is deur waarneming van die geheel word as tweede kernelement in die bespreking aangaande die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie hanteer.

Die aanvaarding van die sisteem as 'n eenheid of geheel (“whole”) beklemtoon die perspektief van totaliteit op 'n vraagstuk. Klein en White (1996: 156) bevestig die epistemologiese funksie van hierdie uitgangspunt, naamlik dat die sisteem as 'n geheel beskou word, en beklemtoon ook die waarde daarvan vir studies aangaande gesinne. Hierdie veronderstelling impliseer dat die gesin as sisteem nie slegs 'n versameling individue is nie, maar dat dit as 'n entiteit met 'n bepaalde karakter funksioneer en slegs verstaan kan word indien dit as sodanig beskou word (Ashford et al., 2001: 105-106). Hanson (1995: 12) beklemtoon die waarneming vanuit die sistemiese perspektief van die effek van gebeure asook die reaksie van die sisteem op die effek. Die hele proses van reaksie en verandering kan sodoende waargeneem word. Fourie, soos aangehaal in Moore (1997: 560), brei hierop uit en verduidelik dat die lede van die sisteem se idee omtrent hulleself, omtrent elke ander lid asook die vraagstuk in besonder en die wêreld in die algemeen in ag geneem moet word ten einde begrip vir die sisteem se realiteit te bekom.

Die derde kernelement van die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie as tweede deel van die argitektuur van teorie word hierna as die wedersydse beïnvloeding tussen sisteem en omgewing bespreek.

#### 2.2.2.2.3 *Wedersydse beïnvloeding tussen sisteem en omgewing*

Die uitgangspunt van interverwantskap en holisme van die algemene sisteemteorie soos in die voorafgaande punte gestel, beklemtoon die veronderstelling van wedersydse beïnvloeding tussen die sisteem en sy omgewing (Klein & White, 1996: 156; Barnes & McCann, 2000: 15; Ashford et al., 2001: 105). Implisiet aan hierdie veronderstelling is terugvoer van inligting of energie aan die sisteem en die feit dat die sisteem daardeur beïnvloed word en self ook die omgewing beïnvloed. Hierdie uitgangspunt van wedersydse beïnvloeding word ook deur Potgieter (1998: 55) beklemtoon in die bespreking van die hiërargiese holon waarvan die sisteem deel vorm. Soos die dele van die sisteem elk ver-





ander word deur die verandering in 'n ander deel, so gebeur dieselfde met ander sisteme in die hiërargie waarvan die sisteem deel is.

Dit behels dat die gesin as sisteem 'n bepaalde impak op die omgewing het deur die wyse waarop dit funksioneer, en dat die spesifieke omgewing of habitat waarin die gesin gesetel is andersyds op die gesin 'n invloed het. Dit bring 'n wederkerige invloedseer mee waardeur 'n terugvoersirkel gevorm word (Potgieter, 1998: 54-55; Germain in Ashford et al., 2001: 105).

Sirkulariteit word gevolglik as die vierde kernelement in die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie as tweede deel van die algemene argitektuur van 'n teorie bespreek.

#### 2.2.2.2.4 *Sirkulariteit*

Becvar en Becvar (2002: 10) beklemtoon die eienskappe van wederkerige, herhalende en gedeelde verantwoordelikheid in die algemene sisteemteorie met betrekking tot gesinsisteme. Liniêre oorsaaklikheid vorm nie deel van die sistemiese perspektief nie. Dele van 'n sisteem beïnvloed mekaar wederkerig en is gesamentlik verantwoordelik vir gedrag wat tussen die dele ontstaan.

Die fokus in die algemene sisteemteorie word dus op die prosesse van die verhoudings en wederkerige beïnvloeding tussen dele geplaas en nie op die oorsaak en gevolg van gedrag of gebeure nie (Becvar & Becvar, 2002: 10). In 'n poging om die gebeure tussen die dele van 'n gesinsisteem te verstaan, word die aandag derhalwe op die patrone van funksionering geplaas wat uit die sirkulariteit van verhoudings ontstaan.

Die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie, soos vooraf bespreek, is deeglik onderlê in die beginsel van holisme. Hierdie basiese beginsel vorm die grondslag vir die mees relevante konsepte van hierdie teorie wat vervolgens bespreek word. Die konsepte word as derde deel van die algemene argitektuur van 'n teorie in bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie beskryf. Die volgende vier hoofkonsepte, naamlik (1) holisme, (2) organisasie, (3) oorsaaklikheid en (4) verandering, word vervolgens bespreek. Die volgende subkonsepte word voorts as deel van die toepaslike primêre konsepte uitgelig, naamlik sisteem, subsisteem, interverwantskap, proses, patrone, rolle, grense, kibernetika, aksie/non-aksie, terugvoer, homeostase, morfostase/morfogenesis en finale toestand (ekwifinaliteit).





### 2.2.2.3 Konsepte van die algemene sisteemteorie

Konsepte as derde deel in die algemene argitektuur van die algemene sisteemteorie word as die boustone van die teoriemuur beskou en vorm dus deel van die bespreking in verband met die inhoud van die algemene sisteemteorie.

'n Teorie in die algemeen, en by uitstek 'n wetenskaplike teorie, behoort 'n versameling tegniese konsepte in te sluit met eksplisiete definisies daaraan gekoppel sodat daar sprake is van dieselfde teoretiese taal ten einde verwarring by die aanwending van die teorie te voorkom (Hanson, 1995: 15; Klein & White, 1996: 11). Konsepte van 'n teorie bied 'n gemeenskaplike taal vir die wederkerige terugvoer van inligting tussen die gebruikers van die teorie (Hanson, 1995: 15). Die konsepte vorm die terminologie waarvolgens die wetenskap die verskynsels in die bepaalde veld van ondersoek beskryf (Dubin in De Vos, 2002: 29). Dit kan soos volg verduidelik word: "A concept can mean only what a community of interacting persons agrees that it means" (Klein & White, 1996: 12). Neuman (2000: 43) bevestig hierdie begrip of wedersydse verstaan van konsepte as die bepaalde wetenskap se gespesialiseerde taal of jargon. Konsepte kan volgens De Vos (2005: 29) in 'n hoër orde gegroepeer word en kan as verklarings of konstruksies bekend staan. Dit is 'n aanduiding van 'n abstrakte konsep. Die konsepte van 'n teorie stel die gebruikers daarvan in staat om ondervinding te organiseer wat op grond van die bepaalde teorie opgedoen is. Hanson (1995: 15) se omskrywing van konsepte van 'n teorie het in besonder betekenis vir die algemene sisteemteorie: "Concepts are ideas, often abstractions, which are developed in order to explain something such that you can move from the particular to the general."

Konsepte behoort dus die onderwerp van fokus van 'n bepaalde teorie of wetenskap te verklaar. Derhalwe behoort die konsepte van die algemene sisteemteorie vir die doeleindes van hierdie studie die gesin as sisteem en die ondersoek na gesinsfunksionering te rig en te verklaar.

Die uiteensetting van die konsepte van die algemene sisteemteorie deur Hanson (1995: 19-68) word as riglyn vir bespreking gebruik. Vier primêre konsepte, naamlik holisme, organisasie, oorsaaklikheid en verandering, is geïdentifiseer en word vervolgens as konsepte bespreek. Onder hierdie sambreel van kernkonsepte word verdere subkonsepte uitgelik wat met die bepaalde hoofkonsep verband hou.

#### 2.2.2.3.1 *Holisme as primêre konsep van die algemene sisteemteorie*

Holisme ("nonsummativity"), die beginsel dat die sisteem groter is as die som van die dele daarvan, word as die hoeksteen en vertrekpunt van die algemene



sisteemteorie beskou (Von Bertalanffy, 1973: xx; Delpino, 1975: ii; Hanson, 1995: 21). Die oorsprong van die konteks van die algemene sisteemteorie word dus gevind in die idee dat gehele (“wholes”) ontstaan wanneer twee of meer dele interverwant is aan mekaar (Becvar & Becvar, 2002: 75). Hierdie gehele wat sodoende ontstaan, openbaar en beskik oor eienskappe wat nie waarneembaar is in die afsonderlike waarneming van die elemente of dele daarvan nie (Hanson, 1995: 22-23; Plug et al., 1997: 147). Die verhouding wat tussen die dele gevorm word, bepaal die basis waarvolgens die gedrag van die geheel en die dele daarvan verstaan behoort te word (Von Bertalanffy, 1973: xxii; Diesing in Reason, 1981: 183-184; Potgieter, 1998: 54). Hanson (1995: 20) verklaar die onbegrip vir gedrag wanneer die individuele lede geanaliseer word soos volg: “Behaviors are embedded in inextricable linked contexts, such that their particular nature may be knowable only within their native context.”

Holisme as primêre konsep van die algemene sisteemteorie behels dus die aspekte van gehele wat gevorm word tussen dele wat in verwantskap staan asook dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan.

Onder die sambreelkonsep van holisme as kernelement van die gedeelte oor die konsepte van die algemene sisteemteorie word die volgende subkonsepte bespreek: sisteem, subsisteem en interverwantskap.

- *Sisteem*

Von Bertalanffy (1973: 55) definieer ’n sisteem as ’n samestelling van elemente wat in interverwantskap tot mekaar staan.

Vir die doeleindes van hierdie studie fokus die navorser op die omskrywing van ’n sisteem soos saamgevat uit die definisies en beskrywings van verskeie skrywers.

’n Sisteem word naamlik beskou as ’n entiteit van twee of meer dele wat in verwantskap met mekaar staan in ’n bepaalde verband, plek en tyd sodat ’n verandering in een van die dele die geheel verander (Compton & Galaway, 1989: 124; Hanson, 1995: 27; Klein & White, 1996: 157; Potgieter, 1998: 54; Allers, 2002: 720; Pierson & Thomas, 2002: 467).

Die gesin word in hierdie navorsing beskou as ’n maatskaplike sisteem bestaande uit dele (gesinslede) wat in verwantskap met en verhouding tot mekaar en hulle omgewing staan (Allers, 2002: 720; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 70). ’n Verandering by een van die gesinslede sal ’n verandering by die totale gesin meebring en die verwantskap en verhoudings tussen me-



kaar en die omgewing beïnvloed. Hierdie tendens kan vergelyk word met die rimpeleffek wat plaasvind wanneer 'n klip op die water gegooi word. Indien die vader as broodwinner van die gesin byvoorbeeld gestremd sou raak weens 'n motorongeluk is die invloed daarvan op elke lid van die gesinsisteem asook op die gesin as eenheid en die gemeenskap waarneembaar en verreikend. Parsons (1937 in Storer, 1966: 32) beskryf 'n maatskaplike sisteem as 'n besondere tipe sisteem, naamlik “voluntaristic” wat beteken dat die lede daarvan vrywillig deel is van die sisteem en vanweë wedersydse voordeel bepaalde patrone van interaksie verkies en ander verwerp.

- *Subsisteme*

'n Subsisteem verwys na 'n eenheid binne 'n sisteem wat uit minstens twee dele saamgevoeg is en steeds 'n verhouding tussen die dele vertoon (Hanson, 1995: 31-32; Klein & White, 1996: 160). Potgieter (1998: 54) stel dit as 'n onveranderlike idee of 'n beginsel dat elke sisteem altyd 'n subsisteem van 'n groter sisteem is en terselfdertyd altyd self in subsisteme verdeel waar die groter sisteem die habitat of omgewing vir die subsisteem voorsien. Hoe groter die sisteem, hoe meer ingewikkeld is die kommunikasie en verhoudings van die dele van die sisteem.

Die gesin as sisteem is saamgestel uit subsisteme waarvan die individuele gesinslid 'n subsisteem vorm as 'n persoon met 'n fisiek-biologiese sisteem, emosionele sisteem, kognitiewe/intellektuele sisteem en geestelike sisteem (Compton & Galaway, 1989: 125; Moore, 1997: 557; Potgieter, 1998: 54). Verdere subsisteme binne die gesinsisteem word gevorm deur die egpaar, die ouer-kind asook die sibbe. Vir die doeleindes van hierdie studie beskou die navorser die gesin as die sisteem van ondersoek in verhouding en verbintenis tot die subsisteme sowel as die groter gemeenskap as supra-sisteem (Compton & Galaway, 1989: 125; Klein & White, 1996: 160; Moore, 1997: 557). Dit is die navorser se mening dat hierdie konteks waarin die gesin-in-egskeiding bestudeer word onlosmaaklik deel is van die totale gesin se funksionering en die stelling dat alle menslike sisteme alleen in verband tot die omgewing verstaan kan word, word dus ondersteun (Potgieter, 1998: 54; Germain in Ashford et al., 2001: 105).

- *Interverwantskap*

Hierdie subkonsep verwys na die eienskap van gehele dat die individuele dele nie afsonderlik binne die sisteem funksioneer nie, maar in verhouding tot mekaar staan en apart 'n ander karakter vertoon as wanneer dit in die geheel



saamgevoeg word. Von Bertalanffy (1973: 55) verduidelik dat die eienskappe van die geheel in vergelyking met die eienskappe wat die individuele dele vertoon as nuut of “emergent” voorkom. Hanson (1995: 22) beskryf hierdie konsep soos volg: “There are things that emerge only together and therefore cannot be taken apart and put back together.”

Binne die konteks van die gesin verwys hierdie konsep na die uniekheid van elke gesinsisteem en dit bevestig dat die samevoeging van individuele gesinslede in een bepaalde geheel (gesin) ’n ander karakter sal vertoon as wanneer dieselfde lede in ander gesinsisteme saamgevoeg sou word. Die besondere kombinasie van ’n bepaalde gesin bring unieke gedrag na vore en kan slegs in daardie konteks verstaan word.

Dit blyk dus dat die konsep van holisme, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan, die interverwantskap tussen elke deel van die sisteem beklemtoon. Die verhouding tussen die sisteem en die subsisteme onderling bring mee dat die geheel ander eienskappe vertoon wat nie in die afsonderlike dele waarneembaar is nie.

Die bespreking van holisme as die eerste kernelement van die konsepte van die algemene sisteemteorie lei die aandag vervolgens na die bespreking van organisasie as die tweede kernelement.

#### 2.2.2.3.2 *Organisasie as primêre konsep van die algemene sisteemteorie*

Goldenberg en Goldenberg (2004: 72) verduidelik die konsep van organisasie in sistemiese verband soos volg: “If a system represents a set of units that stand in some consistent relationship to one another, then we can infer that the system is organized around those relationships.”

Organisasie van ’n sisteem verwys dus na die struktuur in die sisteem, die samehorigheid en passing van die dele. Die organisasie van ’n sisteem gee ’n aanduiding van die herhalende interaksiepatrone (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 72).

Die volgende subkonsepte word as deel van organisasie as sambreelkonsep bespreek, naamlik reëls, rolle en patrone van interaksie.



- *Reëls*

Die reëls in 'n sisteem is meestal nie beskryf nie, maar karakteriseer, reguleer en stabiliseer funksionering in die sisteem as eenheid. Die rolle in die sisteem vorm die basis vir ontwikkeling van tradisies en bepaal hoofsaaklik die verwagtings tussen die dele van die sisteem. Die reëls in 'n gesinsisteem openbaar die waardes en norme van die gesin, vorm die rolle in die gesin volgens die waardes en is bepalend vir die afhanklikheid en regulering in verhoudings (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 74). Reëls in 'n gesinsisteem word dikwels van die een geslag na die volgende oorgedra met 'n duidelike kulturele verbintenis daarin.

- *Rolle*

Rolle in die sisteem word deur die waardesisteem bepaal en hou dikwels verband met die kulturele verbintenis van die sisteem. So kan die gesinsisteem byvoorbeeld georganiseer wees rondom 'n dominante, rigiede manlike hoof met 'n ondergeskikte vrou en rebellerende kinders (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 72-74). Die rolle in die gesinsisteem gee 'n aanduiding van die organisasie en struktuur van die sisteem.

- *Patrone van interaksie*

Die sisteem se struktuur vorm die basis vir die ontwikkeling van patrone van interaksie. Die interaksie tussen lede van die gesinsisteem volg georganiseerde, vasgelegde patrone. Hierdie patrone van interaksie stel die lede in staat om te leer watter optrede toelaatbaar is en wat van elke lid sowel as van die gemeenskapsisteme verwag word. Die patrone van interaksie is dus afhanklik van 'n bepaalde standaard waarvolgens die afsonderlike lede kan bepaal watter patrone toepaslik is al dan nie (Parsons in Storer, 1966: 32; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 73-74).

Organisasie as tweede kernelement van die konsepte van die algemene sisteemteorie as die derde deel van die argitektuur van die teorie word met die bespreking van die subkonsepte afgesluit. Die aandag word voorts gevestig op oorsaaklikheid as die derde kernelement van die konsepte.



### 2.2.2.3.3 *Oorsaaklikheid* as primêre konsep van die algemene sisteemteorie

Die derde relevante hoofkonsep binne die algemene sisteemteorie is oorsaaklikheid. Binne die konteks van hierdie kernelement word die subkonsepte grense, kibernetika, aksie en non-aksie uitgelig.

Die reduksionistiese teorieë wat die sisteemteorie voorafgegaan het, het die denke gerig op die reduksie van 'n objek tot die dele daarvan in 'n poging om die oorsaak van gedrag te verstaan. Goldenberg en Goldenberg (1998: 21) verwys na hierdie tendens as liniêre oorsaaklikheid waar oorsaak en gevolg in direkte verband tot mekaar staan. Dit beteken element A is die oorsaak van element B se gedrag wat lei tot gevolg C. Daar is dus sprake van 'n direkte liniêre verhouding tussen die elemente (Hanson, 1995: 38).

Die sisteemteorie het met die konsep van gemeenskaplike oorsaaklikheid van gedrag dié liniêre denkrigting verskuif na die bewuswording van sirkulêre oorsaaklikheid. Daar is dus sprake van 'n wisselwerking tussen dele waardeur gedrag die produk is van hierdie proses (Hanson, 1995: 40; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 21; Becvar & Becvar, 2000: 10). Potgieter (1998: 58) beskryf die sirkulêre proses van oorsaaklikheid treffend as 'n "systemic dance". Dit beteken dat alle dele van die sisteem deelneem aan die proses en nie een deel as die oorsaak van die gedrag beskou word nie. Dit is na die navorser se mening 'n treffende metafoor vir die sirkulêre proses binne die gesinsisteem en die "dans" kan byna letterlik voorgestel word.

Die subkonsepte wat betrekking het op die primêre konsep oorsaaklikheid word vervolgens bespreek as grense, kibernetika en aksie/non-aksie.

- *Grense van 'n sisteem*

Die grens van 'n sisteem is die skeidslyn tussen die sisteem en die omgewing en dit beïnvloed die vloeï van inligting en energie tussen die omgewing en sisteem.

Die grens van die sisteem kan ook as 'n sirkel om die sisteem beskou word en die vloeï van energie binne die sirkel is meer as die wisseling van energie oor die skeidslyn heen (Compton & Galaway, 1989: 127; Klein & White, 1996: 158).

Die grense van 'n sisteem word deur die interne reëls van die sisteem gevorm. Die karakteristieke verhoudingspatrone tussen die dele van 'n sisteem bepaal die waardestelsel van die sisteem asook die gedragsrolle wat deur die





dele vervul word. Grense in sistemiese denke is nie sigbare lyne nie, maar bestaan grootliks buite die bewustelike besef van die lede van die sisteem. Dit is meetbaar of waarneembaar in die deurlatendheid van energie tot die omgewing op 'n kontinuum vanaf 'n geslote sisteem na 'n oop sisteem. Dit veronderstel dat die geslote sisteem geen of min energie en inligting met die omgewing uitruil en dat die oop sisteem feitlik geen beletsel plaas op die deurlating van energie en informasie nie. Gesonde sisteme handhaaf 'n balans tussen bogenoemde twee uiterste grensvorme en het duidelik gedefiniëerde semi-deurlaatbare grense sowel as funksioneringswyses waarop dit in stand gehou word (Compton & Galaway, 1989: 127; Klein & White, 1996: 158; Becvar & Becvar, 2000: 690).

Hierdie aspek van oorsaaklikheid van gedrag impliseer dat elke gesin 'n unieke stel reëls of grense vorm waarvolgens die gedragsnorme binne die gesin bepaal word. Die reëls wat 'n gesin handhaaf met betrekking tot optredes soos etenstye of uitslaap van kinders of watter ouer toestemming verleen aan versoeke is implisiet aan 'n gesin en definieer 'n gesin sodanig dat dit identifiseerbaar is deur die omgewing.

- *Kibernetika*

Kibernetika verwys na die studie van die selfregulerende eienskap van 'n sisteem en is teen 1948 deur Norbert Wiener so benoem. Dit is afgelei van die Griekse term *kubernetes* wat “stuurman” beteken (Wiener, 1974: 31).

Die aspek kibernetika, soos aangewend in die algemene sisteemteorie, verwys na die bestudering van die prosesse van mediasie in die stimulus-responsverbintenis tussen dele binne die sisteem. Kibernetika word verbind met die basiese beginsels van beheer, regulering, uitruil en prosessering van inligting in 'n sisteem. Verhoudings en verwantskappe word beklemtoon en die herhalende interaksionele patrone tussen en binne sisteme asook tussen waarnemer en sisteem word bestudeer (Hanson, 1995: 40-41; Moore, 1997: 558). In hierdie aspek is die dinamiese eienskap van 'n sisteem vasgelê soos Hanson (1995: 41) dit stel:

To begin to look at how systems of two or more interrelated parts steer themselves is to move away from a model of systems as passive entities, and toward seeing the way phenomena ... push back or create in ways that are not explained by knowledge of input and output alone.



In 'n gesin as sisteem is waarneming van hoe en waarheen die gesin homself stuur baie belangrik. Die patrone van funksionering binne die gesin en die wyse waarop 'n gesinsisteem gebeur, ervarings en verskynsels organiseer tot selfregulering is krities belangrike inligting tot assessering en intervensie.

- *Aksie en non-aksie*

Die veronderstelling in die algemene sisteemteorie dat die dele van 'n sisteem interverwant is, bring mee dat alle gedrag binne 'n sisteem 'n betekenisvolle effek op die sisteem het. Hanson (1995: 44-48) bevestig die belangrikheid van geen aksie soos volg: "... because it is process among parts, either doing something or doing nothing can fuel a sequence of either positive or negative feedback." Hanson (1995: 44-45) maak gevolglik die volgende stelling as 'n algemene beginsel: "Action and inaction are equally causal in a system."

Vir die gesin as sisteem is hierdie stelling van waardevolle toepassing, aangesien die belangrikheid van die lede se nie-deelnemende optredes uitgelig word, soos om geen kommentaar op 'n ander lid se optrede te lewer nie, en die impak wat sodanige gedrag op die sisteem het. Hanson (1995: 47) wys daarop dat die toepassing van die idee van mede-oorsaaklikheid van aksie en non-aksie dit moontlik maak om non-aksie in die terugvoer kommunikasiekettings van 'n sisteem uit te wys. "Look constantly to where the holes in wholes lead, the patterns and events they spawn through the other parts of a system. **Because of the principle of interrelatedness it is possible to trace nonthings**" (Hanson, 1995: 47). Dit is belangrik om bewus te wees van die wyse waarop aksie en non-aksie 'n interaksiepatroon aan die gang kan sit wat tot die ontstaan van onverwagte, onbeplande of moontlik intensionele gebeurlikhede kan lei.

Samevattend blyk dit dat die konsep van oorsaaklikheid die kommunikasiewyse en -patrone in 'n sisteem aanspreek. Die grense in 'n sisteem is bepalend vir die vloei van inligting wat 'n invloed op gedrag kan uitoefen. Hierdie genoemde aspekte hou sterk verband met die konsep van verandering wat vervolgens as vierde kernelement van die gedeelte oor konsepte in die argitektuur van die algemene sisteemteorie bespreek word.



#### 2.2.2.3.4 *Verandering as primêre konsep van die algemene sisteemteorie*

Verandering word voorts as vierde kernelement binne die konteks van die konsepte van die algemene sisteemteorie as derde deel van die argitektuur van die teorie bespreek.

Verandering as vierde hoofkonsep van die algemene sisteemteorie het te doen met die aspek van wat verander en wat nie verander nie (Hanson, 1995: 55). Die sistemiese denkwysie beskou verandering in terme van die eienskappe wat in die konsep vervat is, naamlik ooreenkoms en verskil, dinamies en staties, kontinuïteit en wysiging. Die voortdurende proses van beweging waaraan 'n sisteem blootgestel is en waarvan dit deel vorm, bring 'n dilemma vir die sisteem mee. Enersyds streef 'n sisteem na stabiliteit terwyl groei andersyds noodsaaklik is vir die voortbestaan van 'n sisteem. Die situasie ontstaan dus dat verandering implisiet is. Compton en Galaway (1989: 130) bevestig hierdie tendens met die volgende uitspraak: "... a system cannot not change."

Die beskouing van die konsep van verandering vanuit die algemene sisteemteorie impliseer 'n meer buigsame en dinamiese benadering waardeur verandering of stabiliteit nie as óf verkeerd óf reg gesien word nie. Wat van belang is, is die patrone van herhalende interaksie wat 'n sisteem oor 'n tydperk vorm. Die betekenis van hierdie patrone van wysiging en kontinuïteit vir die sisteem is die fokus van aandag (Compton & Galaway, 1989: 130-131; Hanson, 1995: 55; Potgieter, 1998: 59-61).

In die studie van die gesin as sisteem wys Barker (in Potgieter, 1998: 60) daarop dat "human systems which choose 'not to change' still change simply by growing older every minute". Die instandhouding van 'n bepaalde patroon van funksionering in 'n gesin is dikwels gekoppel aan onsekerheid ten opsigte van verandering aangesien die uitkoms van verandering moeilik ten volle voorspel kan word. Doelgerigte verandering in 'n gesin as sisteem is dus afhanklik van die aanvaarbaarheid van die doel daarvan vir al die lede van die gesin.

Binne die konteks van verandering as hoofkonsep is die volgende subkonsepte relevant, naamlik terugvoer, homeostase, morfostase en morfogenesis, en finale staat/ekwifinaliteit.

- *Terugvoer (Feedback)*

Die subkonsep van terugvoer verwys na die proses waardeur 'n sisteem die inligting en energie wat dit uitstuur weer in die sisteem kan terugvoer. Die terugvoerproses stel 'n sisteem in staat om dit self te rig en te stuur deur die



sirkulêre oorsaaklikheidsproses (Hanson, 1995: 58; Klein & White, 1996: 158; Becvar & Becvar, 2000: 66). Terugvoer is die voltooiing van die sirkulêre proses waar inligting tussen 'n sisteem en omgewing uitgeruil word en waardeur 'n sisteem 'n boodskap ontvang met betrekking tot die aanvaarding van sy inligting. Terugvoer is dus 'n selfregulerende meganisme waardeur 'n sisteem aanpassings in sy funksionering kan maak en toekomstige optrede kan wysig. Terugvoer kan dus beide korrektiewe aksie sowel as weerstandbiedende aksie stimuleer en terselfdertyd die omgewing verander (Compton & Galaway, 1989: 129; Potgieter, 1998: 56-57).

Twee tipe terugvoerprosesse word geïdentifiseer, naamlik positiewe en negatiewe terugvoer. Hierdie begrippe verwys nie na waarde-beoordeling nie, maar is gekoppel aan die impak van die gedrag op 'n sisteem en die sisteem se respons daarop. Positiewe terugvoer lei tot doelgerigte verandering deur aanpassings terwyl negatiewe terugvoer lei tot handhawing van die status quo-posisie wat geen doelgerigte verandering meebring nie (Hanson, 1995: 60; Becvar & Becvar, 2000: 66-67). Balans tussen verandering en stabiliteit is essensieel vir konstruktiewe funksionering, aangesien voortdurende verandering sowel as geen verandering potensieel ewe destruktief is vir die funksionering van 'n sisteem (Hanson, 1995: 61).

In die bestudering van die gesin as 'n sisteem is dit noodsaaklik om die uniekheid van elke gesin voortdurend in gedagte te hou, wat beteken dat elke gesin met sy eie karaktertrekke en eie interaksiepatrone 'n unieke respons op terugvoer openbaar. Potgieter (1998: 57) beklemtoon hierdie unieke eienskap van 'n sisteem soos volg: "Systems are maintained around their unique purpose and function." Die oorsprong van gesinsproblematiek kan opgespoor word deur te fokus op die positiewe en negatiewe terugvoerprosesse in die gesin.

Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat hierdie prosesse nie aan goeie en slegte invloed gekoppel word nie. Die betekenis van positiewe en negatiewe terugvoerprosesse word binne die konteks daarvan geëvalueer.

- *Homeostase*

Homeostase as verdere subkonsep van verandering is die toestand van ewewig en stabiliteit in 'n sisteem en behels 'n balans in respons tussen die uitstuur en ontvang van inligting. Dit beskryf die wyse waarop die balans of ekwilibrium in 'n sisteem oor 'n tydperk gehandhaaf word (Klein & White, 1996: 159; Plug et al., 1997: 88, 147; Potgieter, 1998: 59; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 76).



Homeostase is 'n dinamiese balans wat aan die gesin as 'n sisteem die geleentheid vir gesonde stabiliteit bied waaruit herorganisasie en groei in die opvolgende tydperk kan volg. Die noodsaaklikheid van homeostase word beklemtoon aangesien dit ook orde in die gesin bewerkstellig (Compton & Galaway, 1989: 130). 'n Gesin kan sy hulpbronne aanwend ten einde sy reëls te handhaaf met die doel om 'n dinamiese ekwilibrium te behou.

- *Morfostase en morfogenesis*

Hierdie subkonsepte van verandering staan in 'n noue verband met die subkonsep van homeostase en “steady state” (Von Bertalanffy, 1973: 44; Compton & Galaway, 1989: 130). Morfostase en morfogenesis verwys na 'n sisteem se vermoë om stabiliteit te handhaaf te midde van verandering en terselfdertyd te verander te midde van stabiliteit. Morfostase is 'n sisteem se neiging tot stabiliteit of homeostase terwyl morfogenesis 'n sisteem se neiging tot versterking van gedrag is wat groei, kreatiwiteit, innovering en verandering behels (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 33-34; Becvar & Becvar, 2000: 68-69).

Dit is noodsaaklik vir 'n gesin as sisteem om voortgang te handhaaf en ten einde dit te bereik is toleransie vir verandering nodig. Die vraag wat ontstaan, is hoeveel verandering nodig en gesond is vir die bepaalde gesin. Dit blyk dus dat beide die prosesse van morfostase en morfogenesis nodig is vir 'n gesinsisteem om gesond te funksioneer.

- *Finale toestand (Equifinality)*

Begrip vir 'n gebeurtenis of verskynsel in sistemiese denkwysse kan nie alleen bereik word gebaseer op kennis van die oorsprong daarvan nie. Kennis van die sisteem is noodsaaklik en alle sisteme kan in terme van die konsep “equifinality” (direk vertaal as “ekwifinaliteit”) of “dieselfde einde” beskryf word. Hierdie subkonsep van verandering verwys na die neiging van 'n sisteem “... towards a characteristic final state from different initial states and in different ways, based upon dynamic interaction in an open system attaining a steady state” (Von Bertalanffy, 1973: 46).

Die dinamiese interaksie tussen die dele of elemente van 'n sisteem sowel as die transaksies tussen sisteme bepaal dus die finale toestand en nie die oorspronklike insette nie. Multifinaliteit (“multifinality”) stel die ander kant van hierdie muntstuk van finale toestand en hou verband met die neiging dat dieselfde insette tot verskillende uitkomstes of finale toestand kan lei (Compton



& Galaway, 1989: 131; Hanson, 1995: 63; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 26). Hierdie neiging word deur Becvar en Becvar (2000: 71-72) omskryf as ekwipotensieel (“equipotentiality”).

Verandering as een van die hoofkonsepte van die algemene sisteemteorie verwys dus na die wyse waarop verandering wel in die sisteem plaasvind.

Samevattend dui die inhoud van die algemene sisteemteorie, beskou teen die agtergrond van die omskrywing van die eienskappe van wetenskaplike teorie, daarop dat die algemene sisteemteorie as ’n teorie erken kan word. Die inhoud van die algemene sisteemteorie is voorts aan die hand van die algemene samestelling of argitektuurplan daarvan beskryf met die fokus op die historiese aanloop of die intellektuele tradisie in die ontwikkeling van die teorie, die bepaalde uitgangspunte asook die konsepte van die teorie.

Hierdie beskrywing het die teoretiese fundering en raamwerk van hierdie studie vir die ondersoek na die gesin-in-egskeiding in konteks geplaas. Die terminologie van die algemene sisteemteorie as denkwyse en perspektief sowel as die filosofie daarvan is voorgehou en gebaseer daarop kan die waarde van die teorie vervolgens bespreek word.

## ***2.3 DIE WAARDE VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE***

Die betekenis van die benaderingswyse wat in die algemene sisteemteorie vervat is, is geleë in die perspektief van die gesin as eenheid en die interverwantskap van al die afsonderlike lede daarvan. Dit is duidelik gestel dat elke gesin as sisteem uniek is en dat die geheel ’n ander karakter vertoon as die individuele lede. Die waarde van die algemene sisteemteorie sal voorts in terme van die teoretiese betekenis asook die betekenis met betrekking tot die bestudering van die gesin bespreek word.

### ***2.3.1 Die teoretiese betekenis van die algemene sisteemteorie***

Von Bertalanffy (1973: vii) beklemtoon die algemene toepaslikheid van die algemene sisteemteorie soos volg:

... systems theory is a broad view which far transcends technological problems and demands, a reorientation that has become necessary in science in general and in the gamut of disciplines from physics and biology to the behavioral and social sciences and





to philosophy. It is operative, with varying degrees of success and exactitude, in various realms, and heralds a new world view of considerable impact.

Hierdie uitspraak deur die skepper van die algemene sisteemteorie meer as 40 jaar gelede bevestig die aanvaarding van die teorie.

Hanson (1995: 9) bevestig die waarde van die holistiese grondslag van die algemene sisteemteorie vir die studie van die menslike natuur en kerneienskappe van menslike gedrag soos volg:

Here is where the potential of a wholes approach shines through, in transforming the conventional assumption-based debates by providing a new language or meta-theory for confronting issues that allows for, but does not necessitate, assumptions. ... It provides a pan-disciplinary and an assumptive theoretical approach that captures new modes of thinking about the world that are not tied to the specifics of cultural, disciplinary, ideological, or political debates.

Die algemene sisteemteorie bied die holistiese beginsel as vertrekpunt vir die bestudering van enige fenomeen wat eienskappe vertoon wanneer die dele saamgevoeg word wat nie teenwoordig is in die individuele dele nie (Hanson, 1995: 9). Die algemene sisteemteorie as perspektief beklemtoon dus vir die bestudering van menslike gedrag die beskouing van individuele optrede of gedrag in die konteks van die individu se sistemiese verband.

Klein en White (1996: 150, 153) gee erkenning aan die feit dat huweliks- en gesinsinteraksie 'n belangrike komponent in die resente ontwikkeling van die sisteemteorie binne die sosiale wetenskappe was en dat die gesin as 'n sisteem gesien steeds as sterk metafoor in gesinsterapie voorkom.

Die intrinsieke waarde van die algemene sisteemteorie vir hierdie studie aangaande die gesin-in-egskeiding is geleë in die verplasing van die fokus van aandag vanaf die individu in isolasie na die verhoudings- en funksioneringspatrone tussen individue binne die gesinsverband en -koppeling. Die konteks van interaksie is belangrik in hierdie teorie en dit word beskou as "... a noncausal, dialectic process of mutual influence in which both participate" (Becvar & Becvar, 2000: 8). Begrip van die interaksieproses noodsaak die assessering van interaksiepatrone met klem op *wat* gebeur en nie soseer waarom dit gebeur nie.



### ***2.3.2 Die betekenis van die algemene sisteemteorie met betrekking tot die bestudering van die gesin***

Gerdes en Van Ede (1996: 497) wys daarop dat by die ontstaan van die huwelik daar reeds 'n verandering in die verwantskap van die twee egliede intree. Die man is nie meer net 'n man met dieselfde naam nie, maar word nou ook die eggenoot van sy vrou wat bepaalde verwagtings ten opsigte van sy optrede impliseer. Dieselfde geld vir die vrou, terwyl haar naam dikwels ook verander. 'n Nuwe eenheid word gevorm wat saam meer of groter is as bloot die twee individuele persone by mekaar. Die ontstaan van 'n gesin skep 'n soortgelyke nuwe entiteit waardeur die rol en posisie van die man en vrou as egpaar na dié van vader en moeder en kind verander word. Hierdie verandering behels baie meer vir al die lede as bloot die verandering van die getal lede van twee na drie. 'n Unieke gesinseenheid word gevorm waarin die verhoudingskonneksies binne die eenheid meer as verdriedubbel.

Andolfi, soos aangehaal in Goldenberg en Goldenberg (1998: 21), bevestig dat die gesin nie in terme van die individuele persoonlike karaktertrekke of eenskappe van elke lid bestudeer kan word nie. Dit is noodsaaklik om die interaksie tussen die gesinslede waar te neem wat hy soos volg stel: "More than the sum that each family member adds to the whole, what we should attend to is the ongoing relationship between and among the members, their mutual impact." Compher (1989:8) beklemtoon die waarde van die sistemiese benadering in werk met die gesinsistiem en vergelyk dit soos volg met 'n interaksionele dans:

... (it) widens the lens of assessment and intervention beyond the family system to the interactive patterns of the family's immediate community and service systems as well. The dance of the various parties is clearly observable and demonstrates that the service community network relationships clearly impact upon treatment outcomes.

Vanuit die sisteemteoretiese perspektief is dit duidelik dat die impak van elke gebeurtenis in 'n gesin verveelvoudig word deur al die kragte wat saam die geheel vorm. Individuele gedrag word derhalwe gesien en beskou as 'n manifestasie van die interaksionele proses in die gesinsistiem as geheel.

Dit is die navorser se mening en doel met hierdie ondersoek dat die funksionering van die gesin-in-egskeiding as unieke geheel voor en na 'n egskeiding dus die fokus van ondersoek behoort te wees by bepaling van die toekoms van die minderjarige kind. "...The determining factor is neither the number nor the severity of a family's problems but rather their response to the problems and the



extent to which their problems disable the way their family system operates” (Constantine in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 21).

## 2.4 SLOTSOM

Gesinsproblematiek is ’n vraagstuk met velerlei komponente. Daar is sprake van meer as twee mense betrokke in ’n besondere eenheid, saamgevoeg vanuit verskillende agtergronde en van verskillende geslag. Volle begrip vir die aard en wese van die problematiek in sodanige verbintenis kan slegs geskied deur die inagneming van die geheelperspektief.

Die algemene sisteemteorie benader verskynsels of vraagstukke vanuit ’n perspektief van holisme. Die prosesse en patrone in ’n sisteem wat betekenis verleen aan die gebeure tussen die dele binne die sisteem is van groter belang as die individuele lede of gebeure in isolasie. Die interaksie en verhouding tussen die dele word in beskouing geneem.

Rapoport (1974: xxii) som die waarde van die algemene sisteemteorie in gedragswetenskappe soos volg op:

The ideas of the system approach can be a rich source of inspiration in the advancement of behavioral science, but only if the actual content and scope of these ideas are clearly understood. ... if the behavioral scientist temporarily turns away from his central problems to examine the ideas in the light of their own inner logic. Once this logic is grasped, the system approach to the study of man can be appreciated as an effort to restore meaning (in terms of intuitively grasped understanding of wholes) while adhering to the principles of *disciplined* generalizations and rigorous deduction. It is, in short, an attempt to make the study of man both scientific and meaningful.

Die voorafgaande bespreking van die algemene sisteemteorie bied die nodige fundering vir die beskouing van die problematiek van die gesin-in-egskeiding. In die volgende hoofstuk word die aandag op die gesin as maatskaplike sisteem gevestig ten einde ’n beter begrip te vorm vir die samestelling en voorkoms van die gesin as maatskaplike instelling. Die juridiese beskouing van die gesin as maatskaplike instelling word uitgelig met die oog op die regs konteks van die problematiek van egskeiding. Ander kritiese aspekte van belang by die beskouing van die gesin as maatskaplike sisteem is naamlik die maatskaplike veranderinge wat die gesin beïnvloed. Die veranderde gesinsprofiel word ondersoek ten



einde die variasies van gesinsvorme te beskou, aangesien die probleem van eg-skeiding of skeiding nie noodwendig slegs op tradisionele gesinsvorme van toepassing is nie.

Die navorser vertrou dat die bespreking van die algemene sisteemteorie in hierdie hoofstuk voldoende ondersteuning bied vir die perspektief van die gesin as 'n sisteem in die volgende hoofstuk.